(4) No provision of an agreement entered into by any share block developer at any time before or after the commencement of this Act entitling or purporting to entitle the share block developer to appoint a majority of the directors of a share block company during any period after such share block developer ceases to be a share block developer in relation to that share block company shall be of any force or effect.

(5) If any directors have been appointed under the provisions of subsection (1), the quorum at any meeting of directors of a share block company shall include one or more than one of those directors: Provided that the provisions of this subsection shall not apply if such directors fail to attend any meeting of which they were duly notified.

Establishment of a levy fund

14. (1) A share block company shall in respect of the share block scheme it operates, establish a levy fund sufficient in the opinion of its directors for the repair, upkeep, control, management and administration of the immovable property, for the payment of rates and taxes and other local authority charges on the immovable property and any charges for the supply of electric current, gas, water, fuel and sanitary and any other services to the immovable property and any premiums of insurance, and for the discharge of any duty or other obligation of the share block company.

(2) Save as otherwise provided in the memorandum or articles of a share block company or in any agreement between the share block company and its members, all the holders of shares shall contribute monthly to the levy fund in the proportion that their shares bear to the total issued share capital of the share block company.

(3) The share block company shall open and keep with a bank or building society a separate account in which all contributions received or held in respect of the levy fund shall forthwith be deposited.

(4) The levy fund shall be controlled and managed by the directors of the share block company who shall utilise the moneys in the levy fund only to defray the expenses referred to in subsection (1).

(5) The share block company shall cause to be kept in one of the official languages at its registered address such accounting records as are necessary fairly to reflect and explain the state of affairs of all moneys received and expended by its directors in respect of the share block scheme it operates.

Aanspreeklikheid van aandeelblokmaatskappy ten opsigte van verband

15. (1) Geen aandeelblokmaatskappy mag enige geld leen of enige van sy bates beswaar of sy aanspreeklikheid kragtens 'n verband verhoog nie, tensy die lening, beswaring of verhoging in aanspreeklikheid goedgekeur is deur 'n besluit van minstens 75 persent in getal van die lede van die aandeelblokmaatskappy, afsonderlik van die aandeelblokontwikkelaar, wat die reg het om by die betrokke vergadering te stem en wat gesamentlik minstens 75 persent van die totale stemme van al daardie lede hou, maar uitgesonderd van daardie totaal die stemme wat deur die aandeelblokontwikkelaar gehou word: Met dien verstande dat die bepalings van—

(a) hierdie subartikel nie geld nie ten opsigte van enige sodanige lening, beswaring of verhoging in aanspreeklikheid indien op die tydstip waarop die aandeel vir subskripsie of verkoop aangebied is, dit aan die persone aan wie die aandeel aangebied is, bekend gemaak is dat die aandeelblokmaatskappy beoog om geld te leen, sy bates te beswaar of sy aanspreeklikheid ingevolge 'n verband te verhoog, op vermelde bedinge en voorwaardes, en die aandeelblokmaatskappy ooreenkomstig sodanige bekendmaking opgetree het;

(b) die Maatskappywet met betrekking tot 'n spesiale besluit *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van genoemde besluit asof daardie besluit 'n spesiale besluit is.

(2) Wanneer die vaste eiendom ten opsigte waarvan 'n aandeelblokskema deur 'n aandeelblokmaatskappy bedryf word deur 'n verband beswaar is ter sekurering van 'n lening op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Wet, of na daardie datum aldus beswaar word, moet 'n deel van daardie lening, hierna die verbandfraksie genoem, ten opsigte van elke uitgereikte aandeel toegewys word indien die lening toegestaan is—

(a) voor of op daardie datum, behoudens die akte en statute of enige ooreenkoms of reëling met betrekking tot daardie lening tussen die aandeelblokmaatskappy en sy lede; of

(b) na daardie datum;

na die verhouding van elke sodanige aandeel tot die totale uitgereikte aandeelkapitaal van die aandeelblokmaatskappy.

(3) Enige persoon aan wie 'n aandeel toegeken word, is aan die aandeelblokmaatskappy aanspreeklik vir betaling van die verbandfraksie, as daar is, wat voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet, aan daardie aandeel toegewys is.

(4) Wanneer 'n verbandfraksie ten opsigte van 'n aandeel toegewys is—

(a) kan enige koper van daardie aandeel, indien die aandeelblokmaatskappy versuim om sy verpligtings teenoor die betrokke verbandhouer na te kom of enige verkoper van daardie aandeel, met inbegrip van die persoon aan wie die aandeel toegeken is of sy opvolger, versuim om sy verpligtings kragtens die ooreenkoms ingevolge waarvan hy daardie aandeel verkry het, na te kom, die verpligtings van die aandeelblokmaatskappy teenoor die betrokke verbandhouer of van die verkoper kragtens die betrokke ooreenkoms, na gelang van die geval, nakom en sodanige nakoming geld in dieselfde mate as nakoming deur daardie koper van sy verpligtings teenoor sy verkoper, en terselfdertyd, geld sodanige nakoming deur sodanige koper van die verpligtings

Liability of share block company in respect of mortgage bond

15. (1) No share block company shall borrow any moneys or encumber any of its assets or increase its liability under any mortgage bond, unless the loan, encumbrance or increase in liability is approved by resolution of not less than 75 per cent in number of the members of the share block company, apart from the share block developer, having the right to vote at the relevant meeting and holding in aggregate not less than 75 per cent of the total votes of all those members but excluding from such total the votes held by the share block developer: Provided that the provisions of—

(a) this subsection shall not apply in respect of any such loan, encumbrance or increase in liability if, at the time the shares were offered for subscription or sale, it was disclosed to the offerees of those shares that the share block company did contemplate to borrow money, encumber its assets or increase its liability under a mortgage bond on stated terms and conditions and the share block company did act in accordance with such disclosure;

(b) the Companies Act relating to a special resolution shall *mutatis mutandis* apply in respect of the said resolution as if that resolution is a special resolution.

(2) When the immovable property in respect of which a share block scheme is operated by a share block company is encumbered by a mortgage bond to secure the liability of the share block company in respect of a loan on the date of the commencement of this Act or is so encumbered after that date, a portion of that loan, hereinafter referred to as the bond fraction, shall be allocated in respect of each issued share if the loan was granted—

(a) before or on that date, subject to the memorandum and articles or any agreement or arrangement relating to that loan between the share block company and its members; or

(b) after that date;

in the proportion of each such share to the total issued share capital of the share block company.

(3) Any person to whom a share is allotted shall be liable to the share block company for payment of the bond fraction, if any, allocated to that share before or after the commencement of this Act.

(4) When a bond fraction has been allocated in respect of a share—

(a) any purchaser of that share may, if the share block company fails to fulfil its obligations to the mortgagee concerned or any seller of that share, including or succeeding the allottee, fails to fulfil his obligations under the agreement under which he acquired that share, perform the obligations of the share block company to the mortgagee concerned or of the seller under the relevant agreement, as the case may be, and such performance shall be deemed to be a performance to the same extent by that purchaser of his obligations to his seller, and at the same time, performance by such purchaser of the obligations of the share block company or of any

van die aandeelblokkmaatskappy of van enige verkoper anders as sy verkoper, in dieselfde mate as nakoming deur elkeen van die verkopers tussen daardie koper en die aandeelblokkmaatskappy of die verkoper, na gelang van die geval, wie se verpligtings daardie koper nagekom het;

(b) het die aandeelblokkmaatskappy of die verkoper of die boedel van die verkoper wat oorlede of insolvent is, nie die reg om 'n betaling wat te goedertrou deur die koper namens die aandeelblokkmaatskappy of die verkoper aan die betrokke verbandhouer of aan enige verkoper gemaak het, weer op die koper te verhaal nie.

(5) 'n Koper wat kragtens subartikel (4) 'n betaling gemaak het wat die bedrag te bowe gaan wat deur hom aan sy verkoper verskuldig is, kan die verskil verhaal op die aandeelblokkmaatskappy of die verkoper, na gelang van die geval, namens wie daardie betaling gemaak is.

Trustrekening van en belegging van trustgelde deur aandeelblokkmaatskappy

16. (1) Elke aandeelblokkmaatskappy moet 'n aparte trustrekening by 'n bank open en hou en moet onverwyld enige gelde aan hom of namens hom of vir sy voordeel ten opsigte van enige aanspreeklikheid bedoel in artikel 15 (3) betaal, daarin stort.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1), kan 'n aandeelblokkmaatskappy enige gelde wat in sy trustrekening gestort is en wat nie onmiddellik vir die een of ander doel nodig is nie, in 'n spaar- of ander rentegewende rekening belê wat deur hom geopen is by 'n bank, bouvereniging of ander instelling of soort instelling wat deur die Minister met die instemming van die Minister van Finansies by regulasie aangewys word.

(3) 'n Trust-, spaar- of ander rentegewende rekening bedoel in subartikel (1) of (2) moet 'n verwysing na hierdie artikel bevat.

(4) Rente wat oploop op gelde wat kragtens subartikel (2) belê is, loop op vir die voordeel van die aandeelhouer van die aandeelblokkmaatskappy deur of namens wie die betalings in die betrokke spaar- of rentegewende rekening gemaak en belê is.

(5) Die bedrag wat in krediet van die trustrekening bedoel in subartikel (1) of van 'n spaar- of ander rentegewende rekening bedoel in subartikel (2) van die aandeelblokkmaatskappy staan—

(a) maak nie deel uit van die bates van die aandeelblokkmaatskappy nie en moet deur die aandeelblokkmaatskappy van tyd tot tyd soos en wanneer nodig vir die uitsluitlike doel van betaling van rente op of aflossing van die lening bedoel in artikel 15 (2) aangewend word;

(b) mag nie kragtens 'n lasbrief in eksekusie op beslaggelê word nie; en

(c) indien die aandeelblokkmaatskappy gelikwdeer word, betaal word aan die aandeelhouer van die aandeelblokkmaatskappy deur of namens wie of vir wie se voordeel die betalings in die betrokke trust-, spaar- of ander rentegewende rekening gemaak en belê is.

(6) Sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van Hoofstuk XI van die Maatskappywet, moet 'n aandeelblokkmaatskappy—

(a) in een van die amptelike tale by sy geregistreerde kantoor die aparte rekeningkundige rekords en finansiële state hou wat nodig is om behoorlik

seller other than his seller, shall also be deemed to be a performance to the same extent of each of the sellers between that purchaser and the share block company or the seller, as the case may be, whose obligations that purchaser performed;

(b) the share block company or the seller or the estate of the seller who has died or is insolvent, shall not be entitled to recover from a purchaser again any payment made in good faith by the purchaser on behalf of the share block company or the seller to the mortgagee concerned or to any seller.

(5) Any purchaser who has under and by virtue of subsection (4) made any payment which exceeds the amount due by him to his seller, may recover the excess from the share block company or the seller, as the case may be, on whose behalf that payment was made.

Trust account of and investment of trust moneys by share block company

16. (1) Every share block company shall open and keep a separate trust account with a bank and shall forthwith deposit therein any money paid to it or on its behalf or for its benefit in respect of any liability referred to in section 15 (3).

(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1), any share block company may invest in a separate savings or other interest-bearing account opened by it with any bank, building society or any institution or class of institution designated by regulation by the Minister in consultation with the Minister of Finance, any moneys deposited to its trust account which are not immediately required for any particular purpose.

(3) Any trust, savings or other interest-bearing account referred to in subsection (1) or (2), shall contain a reference to this section.

(4) Interest accruing on moneys invested in terms of subsection (2), shall accrue for the benefit of the shareholder of the share block company by whom or on whose behalf the payments were made and invested in the relevant savings or other interest-bearing account.

(5) The amount standing to the credit of the trust account referred to in subsection (1) or of any saving on other interest-bearing account referred to in subsection (2), of any share block company, shall—

(a) not form part of the assets of the share block company and shall be applied by the share block company from time to time as and when required for the sole purpose of paying interest on or in redemption of the loan referred to in section 15 (2);

(b) not be attached by virtue of any writ in execution; and

(c) if the share block company is wound up, be paid to the shareholder of the share block company by whom or on whose behalf or for whose benefit the payments were made and invested in the relevant trust, savings or other interest-bearing account

(6) Any share block company shall, without derogating from the provisions of Chapter XI of the Companies Act—

(a) keep in one of the official languages at its registered office the separate accounting records and financial statements as are necessary to account for,

rekenskap te gee en om die stand van sake redelik weer te gee en te verduidelik, van alle gelde—

(i) wat aan hom of namens hom of vir sy voordeel ten opsigte van enige aanspreeklikheid bedoel in artikel 15 (3) betaal is, en die aandele ten opsigte waarvan elke sodanige betaling gemaak is;

(ii) wat deur hom in sy trustrekening bedoel in subartikel (1) gestort is of wat in 'n spaar- of ander rentegewende rekening bedoel in subartikel (2) belê is;

(b) sy boeke en rekords wat op 'n betaling of rekening bedoel in paragraaf (a) betrekking het by tussenpose van hoogstens ses maande afsluit, en daardie boeke en rekords en die finansiële state ten opsigte daarvan, minstens een keer per jaar laat ouditeer deur die ouditeur wat kragtens Hoofstuk X van die Maatskappywet aangestel is.

(7) 'n Ouditeur wat 'n audit beoog in subartikel (3) (b) gedoen het, moet so gou doenlik na hy daardie audit voltooi het, 'n verslag in die vorm wat deur die Minister by regulasie voorgeskryf word ten opsigte van sy bevindings aan die Registrateur en 'n afskrif daarvan aan die betrokke aandeelblokkmaatskappy versend.

(8) Ondanks die bepalinge van subartikel (7), kan die Registrateur, op gegronde redes aangevoer, te eniger tyd 'n aandeelblokkmaatskappy by skriftelike kennisgewing beveel om binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, wat minstens 30 dae moet wees, aan hom 'n geouditeerde staat voor te lê wat die stand van sake van sy trustrekening bedoel in subartikel (1) of van enige spaar- of ander rentegewende rekening bedoel in subartikel (2) volledig uiteensit.

(9) Die Registrateur kan, op gegronde redes aangevoer, op die skriftelike aansoek van 'n belanghebbende party, 'n aandeelblokkmaatskappy verbied om op enige wyse met sy trustrekening bedoel in subartikel (1) of met 'n spaar- of ander rentegewende rekening bedoel in subartikel (2) te handel, en kan 'n *curator bonis* aanstel om sodanige trust-, spaar- of ander rentegewende rekening te beheer en te administreer, met sodanige regte, pligte en bevoegdhede as wat die Registrateur goeddink.

(10) 'n Bank, bouvereniging of instelling bedoel in subartikel (2) waar 'n aandeelblokkmaatskappy 'n trust-, spaar- of ander rentegewende rekening hou, word nie bloot omrede die naam of beskrywing waaronder enige sodanige rekening bekend staan, geag nie te weet dat daardie aandeelblokkmaatskappy nie geheel en al geregtig is op gelde wat in enige sodanige rekening inbetaal of waarmee dit gekrediteer is nie.

(11) Die bepalinge van subartikel (10) onthef nie 'n bank, bouvereniging of instelling bedoel in subartikel (2) van enige aanspreeklikheid of verpligting waaronder hy, afgesien van hierdie Wet, sou staan nie.

(12) Ondanks die bepalinge van subartikel (10), het of verkry 'n bank, bouvereniging, of instelling bedoel in subartikel (2) waar 'n aandeelblokkmaatskappy 'n trust-, spaar- of ander rentegewende rekening hou, ten opsigte van enige aanspreeklikheid van die aandeelblokkmaatskappy teenoor daardie bank, bouvereniging of instelling, wat nie 'n aanspreeklikheid is wat ontstaan het uit of in verband met enige sodanige rekening nie, geen verhaal of reg, hetsy by wyse van skuldvergelyking, teeneis, koste of andersinds, op gelde wat in krediet van enige sodanige rekening staan nie.

(13) Hierdie artikel word nie so uitgelê dat 'n bank, bouvereniging of instelling bedoel in subartikel (2) enige reg ontnem word wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan het nie.

and fairly to reflect and explain the state of affairs of all moneys—

(i) paid to it or on its behalf or for its benefit in respect of any liability referred to in section 15 (3), and the shares in respect of which each such payment was made;

(ii) deposited by it to its trust account referred to in subsection (1) or invested in any savings or other interest-bearing account referred to in subsection (2);

(b) balance its books and records relating to any payment or any account referred to in paragraph (a) at intervals of not more than six months and cause such books and records and financial statements in respect thereof to be audited at least once annually by the auditor appointed under Chapter X of the Companies Act.

(7) Any auditor who does an audit contemplated in subsection (6) (b), shall as soon as may be practicable after completing such audit, transmit a report, in the form prescribed by the Minister by regulation, in respect of his findings to the Registrar, and a copy thereof to the relevant share block company.

(8) Notwithstanding the provisions of subsection (6), the Registrar may, on good cause shown, at any time order any share block company by notice in writing to submit to him within a period stated in such notice which shall not be less than thirty days, an audited statement fully setting out the state of affairs of his trust account referred to in subsection (1) or of any savings or other interest-bearing account referred to in subsection (2).

(9) The Registrar may, on good cause shown, upon application in writing of any interested party, prohibit any share block company to operate in any way on his trust account referred to in subsection (1) or any savings or other interest-bearing account referred to in subsection (2) and may appoint a *curator bonis* to control and administer such trust, savings or other interest-bearing account, with such rights, duties and powers as the Registrar may deem fit.

(10) Any bank, building society or institution referred to in subsection (2) at which a share block company keeps a trust or savings or other interest-bearing account shall not by reason only of the name or style by which the account is distinguished, be deemed to have knowledge that such share block company is not entitled absolutely to all moneys deposited in or credited to any such account.

(11) The provisions of subsection (10) shall not relieve any bank, building society or institution referred to in subsection (2) from any liability or obligation under which it would be but for this Act.

(12) Notwithstanding the provisions of subsection (10), any bank, building society or institution referred to in subsection (2) at which a share block company keeps a trust or savings or other interest-bearing account shall not, in respect of any liability of the share block company to such bank, building society or institution not being a liability arising out of or in connection with such account, have or obtain any recourse or right, whether by way of sett-off, counterclaim, charge or otherwise, against moneys standing to the credit of any such account.

(13) This section shall not be construed so as to deprive any bank, building society or institution referred to in subsection (2) of any right existing at the commencement of this Act.

Formaliteite ten opsigte van koopkontrak met betrekking tot aandeel en gebruiks- en okkupasieooreenkoms

17. 'n Koopkontrak met betrekking tot 'n aandeel en 'n gebruiks- en okkupasie-ooreenkoms asook enige wysiging van enige so 'n ooreenkoms wat na die inwerkingtreding van hierdie Wet aangegaan word moet op skrif gestel, en deur die partye daarby of deur hulle lashebbers, handelende op hul skriftelike gesag, onderteken word.

Inhoud van koopkontrak met betrekking tot aandeel van aandeelblokmaatskappy

18. (1) 'n Koopkontrak met betrekking tot 'n aandeel van 'n aandeelblokmaatskappy moet, benewens enige ander besonderhede daarin vervat, vermeld—

(a) die naam van die aandeelblokmaatskappy wat die betrokke aandeelblokskema bedryf;

(b) die geregistreerde kantoor en posadres van die aandeelblokmaatskappy;

(c) die name van die direkteure van die aandeelblokmaatskappy;

(d) die vaste eiendom ten opsigte waarvan die betrokke aandeelblokskema bedryf word of staan te word;

(e) die name van die partye by die ooreenkoms en hulle gewone woon- of sake-adresse in die Republiek;

(f) die aandeel of aandele en die vaste eiendom wat die onderwerp is van die ooreenkoms;

(g) indien die aandeel of aandele ten tyde van die aangaan van die ooreenkoms, nie op die naam van die verkoper geregistreer is nie, die naam en adres van die persoon in wie se naam die aandeel of aandele geregistreer is;

(h) indien ten tyde van die aangaan van die ooreenkoms, die vaste eiendom ten opsigte waarvan die betrokke aandeelblokskema bedryf word of staan te word deur 'n verband beswaar is of sal word—

(i) die naam en adres van die persoon, of sy verteenwoordiger, of in die geval van 'n deelnemingsverband, die naam en adres van die benoemde maatskappy, of sy verteenwoordiger, ten gunste van wie die verband oor die vaste eiendom geregistreer is of sal word;

(ii) die uitstaande saldo van die lening wat deur die verband versekureer word;

(iii) die jaarlikse rentekoers wat op daardie lening betaalbaar is en die bedrag, as daar is, van die rente wat opgeloopt het en nie betaal is nie;

(iv) die totaal van die verbandfraksie bedoel in artikel 15 (2) wat aan die betrokke aandeel of aandele toegewys is;

(v) die uitstaande saldo verskuldig ten opsigte van daardie verbandfraksie;

(i) die bedrag van die koopprys wat ingevolge die ooreenkoms betaal moet word;

(j) die jaarlikse rentekoers, as daar is, wat deur die koper op die koopprys betaal moet word;

(k) die bedrag van elke betaling ten opsigte van die koopprys en rente, as daar is, wat ingevolge die ooreenkoms gemaak moet word;

(l) die vervaldatum of die wyse van berekening van die vervaldatum van elke betaling;

(m) die datum waarop die koper geregtig is op die okkupasie, gebruik of genot van die vaste eiendom wat die onderwerp van die ooreenkoms is;

(n) die plek waar betalings gemaak moet word;

Formalities in respect of sale relating to a share and use and occupation agreement

17. Any agreement of purchase and sale relating to a share of a share block company and any use and occupation agreement as well as any amendment of any such agreement entered into after the commencement of this Act, shall be reduced to writing and signed by the parties thereto or by their mandatories acting on their written authority.

Contents of agreement of purchase and sale relating to a share of a share block company

18. (1) Any agreement of purchase and sale relating to a share of a share block company shall, in addition to anything else therein contained, specify—

(a) the name of the share block company which operates the relevant share block scheme;

(b) the registered office and postal address of the share block company;

(c) the names of the directors of the share block company;

(d) the immovable property in respect of which the relevant share block scheme is being or is to be operated;

(e) the names of the parties to the agreement and their ordinary residential or business addresses in the Republic;

(f) the share or shares and the immovable property which are the subject of the agreement;

(g) if the share or shares is not registered in the name of the seller at the time the agreement is entered into, the name and address of the person in whose name the share or shares is registered;

(h) if the immovable property in respect of which the relevant share block scheme is or is to be operated is or is to be encumbered by a mortgage bond, as at the time the agreement is entered into—

(i) the name and address of the person, or his representative, or, in the case of a participation bond, the name and address of the nominee company, or its representative, in favour of whom the mortgage bond over that immovable property is or is to be registered;

(ii) the balance outstanding under the loan secured by the mortgage bond;

(iii) the annual rate of interest payable on that loan, and the amount, if any, of interest accrued and unpaid;

(iv) the total of the bond fraction referred to in section 15 (2) allocated to the relevant share or shares;

(v) the outstanding balance owing in respect of that bond fraction;

(i) the amount of the purchase price to be paid in terms of the agreement;

(j) the annual rate of interest, if any, to be paid by the purchaser on the purchase price;

(k) the amount of each payment in respect of the purchase price and interest, if any, which is to be paid under the agreement;

(l) the due date or the method of determining the due date of each payment;

(m) the date upon which the purchaser shall be entitled to the occupation, use or enjoyment of the immovable property which is the subject of the agreement;

(n) the place where payments shall be made;

(o) die bedrag van die bydrae wat ten tyde van die aangaan van die ooreenkoms ingevolge artikel 14 (2) tot die heffingsfonds van die betrokke aandeelblokskema gemaak moet word ten opsigte van die aandeel of aandele wat die onderwerp van die ooreenkoms is;

(p) die getal aandele wat ten tyde van die aangaan van die ooreenkoms gehou word en nie gehou word nie deur die betrokke aandeelblokskema-ontwikkelaar;

(q) die feit of feite waarop die verkoper aanspraak maak dat hy die bevoegdheid het om die aandeel of aandele te verkoop wat die onderwerp van die ooreenkoms is;

(r) indien die vaste eiendom nie volgens die omskeppingsbepalings in deeltitels omskep kan word nie, die redes in besonderhede waarom die vaste eiendom nie aldus omskep kan word nie.

(2) Daar moet by 'n ooreenkoms aangeheg word die betrokke gebruiks- en okkupasie-ooreenkoms wat deur die aandeelblokskema en die koper aangegaan word.

(3) 'n Afskrif van die ooreenkoms moet, binne 14 dae na die datum van die aangaan daarvan, deur die verkoper aan die koper verstrek word, tesame met 'n afskrif van die betrokke gebruiks- en okkupasie-ooreenkoms.

(4) By die toepassing van hierdie artikel, beteken—

(a) "koper" die persoon wat kragtens die ooreenkoms die reg verkry om oordrag op sy naam te eis van die aandeel of aandele wat die onderwerp van die ooreenkoms is;

(b) "die ooreenkoms" die betrokke koopkontrak met betrekking tot 'n aandeel; en

(c) "verkoper" die persoon wat kragtens die ooreenkoms 'n aandeel of aandele verkoop of verkoop het of anderszins daarvoor beskik of beskik het.

Gevolge van nie-nakoming van formaliteite

19. (1) Behoudens die bepalinge van subartikel (2), het 'n koper of verkoper wat gedeeltelik of in sy geheel presteer het kragtens 'n koopkontrak met betrekking tot 'n aandeel van 'n aandeelblokskema, wat nie wesenlik voldoen aan die bepalinge van artikel 17 of 18 nie, die reg om dit wat hy kragtens die koopkontrak presteer het van sy teenparty te eis, en—

(a) die koper kan bykomend ook van die verkoper vorder—

(i) rente teen 12 persent per jaar op enige betaling wat hy kragtens die koopkontrak gemaak het, bereken vanaf die datum van betaling tot die datum van terugvordering;

(ii) 'n redelike vergoeding vir enige noodsaaklike uitgawes wat hy aangegaan het ter behoud van, en vir enige nuttige verbeterings wat hy aangebring het aan, die vaste eiendom ten opsigte waarvan die aandeelblokskema bedryf word; en

(b) die verkoper kan bykomend ook van die koper vorder—

(i) 'n redelike vergoeding vir die okkupasie, gebruik of genot wat die koper mag gehad het van die vaste eiendom ten opsigte waarvan die aandeelblokskema bedryf word; en

(ii) vergoeding vir enige skade wat deur die koper of iemand vir wie se daad die koper deliktueel aanspreeklik is, ten opsigte van sodanige vaste eiendom veroorsaak is.

(o) the amount of the contribution which at the time the agreement is entered into, has to be made in terms of section 14 (2) to the levy fund of the relevant share block company in respect of the share or shares which is the subject of the agreement;

(p) the number of shares held and not held, at the time the agreement is entered into, by the relevant share block developer;

(q) the fact or facts upon which the seller claims to have the authority to sell the share or shares which is the subject of the agreement;

(r) if the immovable property cannot be converted into sectional title under the conversion provisions, the reasons in detail why the immovable property cannot be so converted.

(2) There shall be annexed to any agreement the relevant use and occupation agreement entered into by the share block company and the purchaser.

(3) A copy of the agreement shall, within 14 days of the date of the conclusion thereof, be furnished by the seller to the purchaser, together with a copy of the relevant use and occupation agreement.

(4) For the purpose of this section—

(a) "the agreement" means the relevant agreement of purchase and sale relating to a share;

(b) "purchaser" means the person who under the agreement obtains the right to claim transfer into his name of a share or shares which is the subject of the agreement; and

(c) "seller" means the person who under the agreement sells or otherwise disposes of or has sold or otherwise disposed of a share or shares.

Consequences of non-compliance with formalities

19. (1) Subject to the provisions of subsection (2), any purchaser or seller who has performed partially or in full under an agreement of purchase and sale relating to a share of a share block company, which does not substantially comply with the provisions of section 17 or 18 shall be entitled to claim from the other party that which he has performed under the agreement, and—

(a) the purchaser may in addition also recover from the seller—

(i) interest at 12 per cent per annum on any payment made under the agreement from the date of the payment to the date of recovery;

(ii) a reasonable compensation for any necessary expenses he incurred in the preservation of, and for any useful improvements he effected to, the immovable property in respect of which the share block scheme is operated; and

(b) the seller may in addition also recover from the purchaser—

(i) a reasonable compensation for the occupation, use or enjoyment the purchaser may have had from the immovable property in respect of which the share block scheme is operated; and

(ii) compensation for any damages caused in respect of such immovable property by the purchaser or any person for the actions of whom the purchaser is liable delictually.

(2) Die bepalings van subartikel (1) geld nie, en 'n koopkontrak met betrekking tot 'n aandeel van 'n aandeelblokmaatskappy of gebruiks- en okkupasie-ooreenkoms wat nie wesenlik aan die bepalings van artikel 17 voldoen nie en 'n koopkontrak met betrekking tot 'n aandeel van 'n aandeelblokmaatskappy wat nie wesenlik aan die bepalings van artikel 18 voldoen nie, is in alle opsigte van die begin af geldig indien die koper die koopprys ten volle betaal het wat ingevolge die koopkontrak met betrekking tot die aandeel verskuldig is en die verkoper die betrokke aandeel aan die koper oorgedra het.

HOOFSTUK II

OMSKEPPING NA DEELTITELS

Woordomsrywings

20. In hierdie Hoofstuk, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(a) "Hof" 'n hof van die provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika in wie se regsgebied die vaste eiendom geleë is wat deur die aandeelblokmaatskappy besit word;

(b) "omskeppingsaansoek" 'n omskeppingsaansoek in artikel 21 bedoel;

(c) "registrateur van aktes" 'n registrateur van aktes soos omskryf in die Registrasie van Aktes Wet, en ook die registrateur van Randdorpe;

en beteken 'n ander woord of uitdrukking wat ook in die Wet op Deeltitels gebruik word, dieselfde as in daardie Wet.

Omskeppingsaansoek

21. (1) 'n Omskeppingsaansoek bestaan uit 'n aansoek kragtens artikel 4 van die Wet op Deeltitels deur 'n aandeelblokmaatskappy vir goedkeuring deur die betrokke plaaslike bestuur van 'n ontwikkelingskema met die oog op die doen deur daardie aandeelblokmaatskappy van 'n verdere aansoek kragtens artikel 5 van daardie Wet vir die opening van 'n deeltitel-register ten opsigte van die vaste eiendom ten opsigte waarvan die aandeelblokskema bedryf word en vir die registrasie van 'n deelplan met betrekking tot die ontwikkelingskema.

(2) 'n Aandeelblokmaatskappy moet, behoudens die bepalings van artikel 23, 'n omskeppingsaansoek doen indien 'n besluit om die omskeppingsbepalings in te roep, gesteun word deur 'n meerderheid in getal van die lede van die aandeelblokmaatskappy wat die reg het om die betrokke vergadering by te woon en daar te stem en wat gesamentlik minstens 50 persent van die totale stemme van al daardie lede hou, maar uitgesonderd van sodanige totaal, die stemme wat deur die aandeelblokontwikkelaar gehou word indien hy nie ten gunste van die besluit vir omskepping stem nie.

(3) Die bepalings van die Maatskappywet met betrekking tot 'n spesiale besluit is van toepassing *mutatis mutandis* op 'n besluit bedoel in subartikel (2) asof daardie besluit 'n spesiale besluit is.

(4) 'n Besluit bedoel in subartikel (2) is voldoende magtigting aan die direkteure van die aandeelblokmaatskappy om wat ook al deur hierdie Wet of 'n ander wet vereis mag word om die omskepping van die vaste eiendom van die aandeelblokmaatskappy kragtens die omskeppingsbepalings te verwesenlik.

Kennisgewing van besluit aan houers van saaklike regte

22. (1) So gou doenlik na 'n besluit bedoel in artikel 21 (2) geneem is, moet die aandeelblokmaatskappy skriftelik kennis laat gee van die besluit aan enigiemand

2. The provisions of subsection (1) shall not apply, and any agreement of purchase and sale relating to a share of a share block company or any use and occupation agreement which does not substantially comply with the provisions of section 17 and any agreement of purchase and sale relating to a share of a share block company which does not substantially comply with the provisions of section 18, shall in all respects be valid *ab initio* if the purchaser has paid in full the purchase price due in terms of the agreement of purchase and sale relating to the share, and the seller has transferred the relevant share to the purchaser.

CHAPTER II

CONVERSION TO SECTIONAL TITLE

Definitions

20. In this chapter, unless the context otherwise indicates—

(a) "conversion application" means a conversion application referred to in section 21;

(b) "Court" means a court of the provincial or local division of the Supreme Court of South Africa in the area of jurisdiction of which the immovable property owned by the share block company is situate;

(c) "registrar of deeds" means a registrar of deeds as defined in the Deeds Registries Act, and includes the registrar of Rand townships;

and any other word or expression also used in the Sectional Titles Act, shall have the same meaning as in that Act.

Conversion application

21. (1) A conversion application shall consist of an application under section 4 of the Sectional Titles Act by a share block company for the approval by the relevant local authority of a development scheme with a view to the making by that share block company of a further application under section 5 of that Act for the opening of a sectional title register in respect of the immovable property in respect of which the share block scheme is operated and for the registration of a sectional plan relating to the development scheme.

(2) A share block company shall, subject to the provisions of section 23, make a conversion application if a resolution to invoke the conversion provisions is supported by a majority in number of the members of the share block company having the right to attend and vote at the relevant meeting and holding in aggregate not less than 50 per cent of the total votes of all those members, but excluding from such total, the votes held by the share block developer if he does not vote in favour of the resolution for the conversion.

(3) The provisions of the Companies Act relating to a special resolution shall apply *mutatis mutandis* to a resolution referred to in subsection (2) as if that resolution is a special resolution.

(4) A resolution referred to in subsection (2) shall be sufficient authority to the directors of the share block company to do whatever may be required by this Act or any other law to accomplish the conversion of the immovable property of the share block company under the conversion provisions.

Notice of resolution to holders of real rights

22. (1) As soon as may be practicable after the passing of a resolution referred to in section 21 (2), the share block company shall cause notice in writing of the resolution to be given to any person having

wat 'n geregistreerde saaklike reg het oor enige vaste eiendom ten opsigte waarvan 'n aandeelblokskema deur die aandeelblokmaatskappy bedryf word.

(2) Die kennisgewing bedoel in subartikel (1) moet meld—

(a) dat dit die oogmerk van die aandeelblokmaatskappy is om by die betrokke plaaslike bestuur aansoek te doen vir goedkeuring van 'n ontwikkelingskema en by die registrateur van aktes vir die opening van 'n deeltitelregister; en

(b) dat die betrokke persoon kan toestem tot die aansoek nie later nie as een maand vanaf die datum van die kennisgewing of 'n caveat ooreenkomstig die bepalinge van artikel 23 by die registrateur van aktes kan indien.

(3) Enigiemand aan wie kennis ingevolge subartikel (1) gegee moet word, moet in kennis gestel word per brief wat aan daardie persoon oorhandig word of, by ontstentenis daarvan, wat per vooruitbetaalde geregistreerde pos aan daardie persoon by die plek van sy laasbekende woon- of sake-adres gestuur is indien sodanige plek bekend is.

Caveat om opening van deeltitelregister te belet

23. (1) Enigiemand bedoel in artikel 22 (1) kan, nie later nie as een maand vanaf die datum van die kennisgewing bedoel in artikel 22 (2), en enige lid van die aandeelblokmaatskappy wat teen die besluit beoog in artikel 21 (2) gestem het, kan nie later nie as een maand na die datum van daardie besluit, 'n caveat in die vorm wat deur die Minister by regulasie voorgeskryf word, by die registrateur van aktes indien en van hom vereis om nie die betrokke deeltitelregister te open nie, en 'n afskrif van daardie caveat moet op die aandeelblokmaatskappy beteken word.

(2) Wanneer 'n caveat kragtens subartikel (1) ingedien is, moet die aandeelblokmaatskappy onverwyld 'n skriftelike kennisgewing op die caveator laat beteken en van hom vereis om, binne twee maande vanaf die datum waarop die caveat ingedien is, of skriftelik toe te stem tot die betrokke omskepping en die opening van die deeltitelregister, of aansoek by die Hof te doen vir 'n bevel wat gelas dat die caveat nie verwyder word nie.

(3) 'n Caveat beoog in subartikel (2) word geag verwyder te wees indien die caveator binne twee maande vanaf die datum waarop die caveat ingedien is—

(a) skriftelik toestem tot die betrokke omskepping en die opening van die deeltitelregister;

(b) versuim om aldus toe te stem of aansoek te doen by die Hof, met kennisgewing aan die registrateur van aktes en die aandeelblokmaatskappy, vir 'n bevel beoog in daardie subartikel en, in watter geval, hy geag word toe te stem het.

(4) Wanneer 'n caveator ingevolge hierdie artikel by die Hof aansoek doen, kan die Hof—

